



KAMP NAKUPHI 2019



Welkom by Nakupi!

2019 is 'n groot jaar vir Nakuphi – die kamp vier sy 20^{ste} bestaansjaar! Hierdie groot mylpaal is die resultaat van jare se harde werk deur honderde Voortrekkers wat sedert die jaar 2000 hulle Oktobervakansies saam spandeer. Hierdie jaar vier ons elkeen van dié mense wat al op een of ander stadium op Nakuphi gekamp het en só gehelp het om die kamp te laat groei tot waar dit vandag is.

Hierdie jaar nooi ons ook Graad 7's uit om hulle eerste Verkennerkamp by Nakuphi te kom hou. Die **Oewervernuf** spesialisasie is spesifiek geskryf vir hierdie jong klomp Groenkopverkenners en ek weet dat dit presies is wat nodig is om 'n Verkennerloopbaan mee af te skop.

Al ons ander kursusse staan ook weer reg om elke Verkenner iets nuuts te leer. Ervaar die beeldskoonheid van die Da Gama Dam by **Varswaterkunde** of **Voëlidentifisering**, of kom vir die avontuur van 'n leeftyd by **Roeikunde** of **Seilkuns**.

Ons **Snorkelduik** kursus is 'n hoogtepunt vir senior Verkenners. In die kursus word meer as net snorkelduiktegnieke aangeleer – 'n groot deel van die kursus behels ook skubaduik. Elke Verkenner wat die kursus voltooi ontvang 'n **NAUI Scuba Passport Diver** sertifikaat as bewys van die nuwe vaardigheid. Senior Verkenners kan ook die **Noodhulp** kursus bywoon waar 'n **Vlak 1** en **Vlak 2** kwalifikasie verdien word.

Daar is rêrig iets vir almal by Nakuphi, maar onthou dat al ons kursusse 'n beperkte aantal Verkenners kan akkommodeer. Maak dus seker dat jy so gou as moontlik inskryf – ons kursusse raak vinnig vol!

Nakuphi is meer as net 'n kamp waar jy 'n kenteken kan kry. Dit is jou tuiste langs die dam waar elke persoon soos familie voel.

Ek sien uit daarna om saam met jou ons 20^{ste} verjaarsdag te vier.

Sien jou binnekort!

Jaco van der Walt
Kampleier



Kampinligting

Tydperk	Saterdag, 21 September 2019 om 12:00 tot Saterdag, 28 September 2019 om 11:00
Plek	Forest Sailing Club Da Gama Dam – tussen Witrivier en Hazyview, Mpumalanga
Verblyf	Elke persoon is verantwoordelik vir sy/haar eie tent
Vervoer	Busvervoer is beskikbaar
Sluitingsdatum vir Inskrywings	9 September 2019

Verkennerkursusse

Oewervernuf	Graad 7	Oewervernuf Waterveiligheid	R1150-00
Varswaterkunde	Graad 8	Varswaterkunde Waterveiligheid	R1150-00
Roeikunde[†]	Graad 9	Roeikunde Riviere Waterveiligheid	R1200-00
Identifisering	Graad 9 & 10	Voëlidentifisering Fotografie Waterveiligheid	R1650-00
Seilkuns[†]	Graad 10 – 12	Seilkuns Seilvernuf Waterveiligheid	R1200-00
Snorkelduik[‡]	Graad 11 & 12	Snorkelduik Waterveiligheid	R1500-00
Spyseniering	Graad 9 -12	Spyseniering Handwerk Waterveiligheid	R1300-00
Noodhulp	Graad 11 & 12	Noodhulp Gevorderde Noodhulp Waterveiligheid	R1200-00

[†] Verkenners wat inskryf vir Roeikunde of Seilkuns moet beskik oor basiese swemvaardighede en moet gemaklik in die water kan beweeg.

[‡] Geen asmalyers of persone met hart- of longkwale mag inskryf vir Snorkelduik nie.



Volwassenes

Kursusaanbieders	Staatmakers, Offisiere en diensdoenende volwasselede	R600-00
Meelopers	Ouers en eggenote wat nie diens lewer tydens die kamp nie	R1100-00

'n Offisierevergadering sal plaasvind op 1 September 2019 in Pretoria. Alle volwassenes wat die jaar op Kamp Nakuphi kamp word na die vergadering uitgenooi. Meer inligting sal volg.

Penkoppe en Drawwertjies

Slegs Penkoppe en Drawwertjies van volwassenes wat diens lewer tydens Nakuphi word toegelaat. Die Paddavissies volg hulle eie program terwyl Mamma of Pappa bedrywig is op die kamp.

Junior Paddavissies	Voorskoolse kinders	R350-00
Paddavissies	Laerskool kinders	R450-00

Busdiens

Vertrek	Hoërskool Waterkloof Parkeerterrein Saterdag, 21 September 2019 07:00
Terug	Hoërskool Waterkloof Parkeerterrein Saterdag, 28 September 2019 ~17:00
Koste	Addisionele R500-00 by inskrywingsfooi

Inskrywings

Alle inskrywings word elektronies gedoen deur <https://inskrywings.voortrekkers.co.za>

Inskrywings open Maandag, 29 Julie 2019 om 16:00

Bepalings en Voorwaardes

Alle gelde word direk aan Kamp Nakuphi betaal en nie aan jou kommando nie. Instruksies oor betaling sal deurgegee word tydens die aanlyn inskrywingsproses.

Slegs 'n ouer of wettige voog mag 'n Verkenner inskryf vir Kamp Nakuphi. Geen persoon onder die ouderdom van 18 jaar mag hulself inskryf nie.

Om die hoë standaard van ons kursusse te behou word die aantal Verkenners wat ons per kursus toelaat beperk. Vermoë teleurstelling deur so goue moontlik in te skryf vir die kursus van jou keuse.

Meer inligting in verband met die kampbenodighede en kampreëls sal deurgegee word sodra jou inskrywing ontvang en verwerk is.

